

Vergewe en vergeet: 'n Pastorale perspektief

Y Dreyer

(Universiteit van Pretoria)

ABSTRACT

Forgive and forget: A pastoral perspective

This article focuses on pastoral care concerning people who have been victimised by others. The aim is to highlight the theological dilemma created for such people by the Christian imperative to forgive. The article argues that pastoral care goes beyond this imperative. The focus is rather on healing and wholeness. After this has been achieved, true compassion toward others who are down-trodden and have been hurt, becomes possible. In this way forgiveness can be internalised. This pastoral approach is theoretically substantiated by the philosophy of Paul Ricoeur and the practical theology of Donald Capps.

1 INLEIDING

Mense wat slagoffers geword het van geweld, kry dikwels die pastorale advies om te vergewe en vergeet. Om te vergewe, is die Christelike weg (vgl Luk 17:3; Kol 3:13). Die rede waarom hulle behoort te vergewe, is dat God alle sondes reeds vergeef het. Bybeltekste wat gebruik word, is onder andere die Ons Vader gebed (veral Matt 6:12), Matteus 18:21-35 waar Jesus antwoord op Petrus se vraag hoe dikwels iemand vergewe behoort te word, en Lukas 23:34 waar Jesus die wat Hom gekruisig het, vergewe. Mense wat tot slagoffer gemaak is, beleef dikwels die eis om te vergewe as dat die verskrikking wat hulle deurgemaak het, genegeer of geminimaliseer word. Indien die slagoffer “vergewe en vergeet”, kan dit bydra tot die voortsetting van ‘n situasie van geweld of misbruik.

Om te vergewe is nie altyd ‘n eenvoudige saak nie. Slagoffers van geweld ervaar reeds woede, pyn en magteloosheid. Hulle lyding kan verder verswaar word deur skuldgevoelens as hulle, hoewel hulle Christen-gelowiges is, die dader nie kan vergewe nie (vgl Heitink 1990:77). So word die persoon dubbel slagoffer.

Christie Neuger (2001:101), wat veral fokus op pastoraat met vroue en vroueslagoffers van geweld, sien vergifnis as ‘n teologiese

probleem binne die pastoraat. Sy benoem 'n aantal voorwaardes vir vergifnis. Die geweldenaar moet berou hê, moet verantwoordelik gehou word vir sy of haar daad, en daar moet 'n verandering (“a change of mind”) by die dader wees. Of die geweldenaar hieraan voldoen of nie, die slagoffer word steeds met 'n dilemma gelaat. Hoe reageer sy of hy as Christen? Wat sal dit aan slagoffers doen om “sommer net te vergewe”? Wat gebeur as hulle nie daarin slaag om te vergewe nie? Die bydrae van die pastor is ter sake omdat vergifnis 'n teologiese aangeleentheid is. Die doel van die pastorale interaksie behoort nie in die eerste plek te wees om slagoffers sover te kry om te vergewe nie. Die hoofdoel is die heling en heelheid (Heitink 1990). Met heelheid gaan 'n sekere houding, perspektief en gedrag gepaard. Dit, gesien in die lig van die persoon se geloofsverhouding, het verdere implikasies vir sake soos die vergewing van die persoon wat die skade veroorsaak het.

2 NARRATIEWE PASTORAAT

2.1 Self en werklikheid

Die pastoraat het ten doel dat mense psigies en geestelik sal genees van hulle wonde, sal groei in hulle menswees en sal toeneem in die geloof en in diensbaarheid. Die bydrae van psigoterapeutiese teorieë van berading is dat hulle spesifiek verandering in mense en hulle gedrag bestudeer. Persoonlikheidsteorieë in die psigologie help met refleksie oor die manier waarop mense 'n selfbesef vorm en dek albei fasette van die *self*, naamlik die self-in-gemeenskap en die self-op-sigself. Vanuit albei hierdie perspektiewe tree 'n persoon in interaksie met die wêreld.

Wanneer 'n persoon se selfbesef met 'n onverwagte en traumatiese werklikheid bots, ontstaan daar probleme. 'n Traumatiese gebeurtenis breek 'n persoon se vorige siening van die wêreld, mense en die self af. 'n Nuwe verhouding tot die werklikheid, 'n ander wyse van interaksie met ander en tussen ander, en 'n nuwe manier van wees in die wêreld moet gevind word. Dit kan pynlik en verwarrend wees. Dit is asof die matjie onder die persone se voete uitgetrek is. Alles wat hulle gedink het oor die wêreld en hulle plek in die wêreld, lyk skielik anders. Hierdie psigologiese aangeleenthede word ook in die pastoraat verken en dan vanuit die gesigspunt van die teologie. Teologies

gesproke word individue en gemeenskappe geroep om volgens hulle Godgegewe roeping te leef in die wêreld.

2.2 'n Narratiewe benadering tot pastoraat

'n Narratiewe benadering kan geskik wees vir pastoraat met getraumatiseerde mense, omdat *die storie* nie 'n kliniese nie, maar meer persoonlike geleentheid bied om 'n lewenskrisis te benader. Die verhaal word vertel. 'n Simpatieke, ondersteunende persoon wat God se liefde weerspieël, luister empaties. Die storie word verstaan en geïnterpreteer deur albei gespreksgenote en saam herskryf hulle die verhaal tot 'n nuwe hoopvolle toekomsstorie.

Narratiewe terapeutiese teorieë is gebaseer op postmoderne en poststrukuralistiese filosofieë met die uitgangspunt dat mense se verstaan of interpretasie van die werklikheid die werklikheid sosiaal konstrueer. Die konstruk van die werklikheid word in stand gehou deur persoonlike, familie- en kulturele verhale. Freedman & Combs (1996:1) wys daarop dat die sosiale en interpersoonlike werklikheid van elke persoon tot stand kom in interaksie met ander mense en met die institute van die samelewing. Die sosiale werklikheid het 'n invloed op die betekenis wat mense gee aan die gebeure in hulle lewe.

Binne hierdie paradigma help die pastor mense wie se positiewe konstruk van die werklikheid deur 'n traumatiese gebeurtenis vernietig is, te help om 'n nuwe taal, 'n nuwe manier van interpreteer, en dus 'n nuwe werklikheid te skep. Die manier waarop mense hulle ervarings verbind met die konteks waarin hulle dit ervaar het, is belangrik vir die manier waarop hulle bou aan hulle toekoms.

Dekonstruktiewe luister is vir Freedman & Combs 'n poging om ruimte te maak vir aspekte van die persoon se lewe wat nog nie "tot verhaal gekom het nie" (vgl Müller 1996; Laird 1991:437; Bons-Storm 1996:57-59). Voorbeelde hiervan is ervarings wat in stryd is met die dominante diskoerse van die geloofsgemeenskap en die breë samelewing. Dominante diskoerse of meesternarratiewe bepaal hoe mense hulleself sien en wat hulle meen van hulle verwag word (kyk Meier 2001:399). Die ervaring van trauma aan die hand van 'n ander, bots met die Christelike eis van vergifnis en versoening. Wanneer meesterverhale gelowiges leed aandoen in plaas van om mee te werk tot hulle heil en heling, moet hierdie meesterverhale gedekonstrueer

word om ruimte te skep vir 'n nuwe verhaal. Volgens die filosoof Jacques Derrida (1978:102-117) is die betekenis van elke simbool, woord of teks altyd in 'n meervoudige, heterogene werklikheid ingebed. Daar is nooit net één “ware” betekenis nie, omdat elke mens binne 'n eie beleweniswêreld en konteks eksisteer (Freedman & Combs 1996:46). Om pastoraal te luister na die verhale van mense, vra 'n openheid vir verskillende betekenis. Mense is in staat om betekenis te verander en sodoende 'n nuwe konteks te skep.

Volgens die narratiewe benadering tot berading word die probleem geëksternaliseer. Mense is mense en die probleem is die probleem. Die mens is nie die probleem nie (Monk et al 1997:26). Dit verander die persoon se werklikheid en ondermyn die neiging van slagoffers om hulleself die skuld te gee vir wat gebeur het of vir hoe die gebeurtenis afgeloop het. Die pastor soek saam met die persoon na nuwe betekenis. Persone wat tot slagoffer gemaak is, se selfvertroue het dikwels 'n knou gekry, veral vanweë die ervaring van magteloosheid. Die doel van die pastorale gesprekke is dat mense weer hulle eie kragbronne ontdek en vertrou daarin ontwikkel (Müller 1996, “Woord vooraf”). Die probleem wat 'n begin gehad het, het ook 'n einde.

'n Manier om eie kragbronne te ontgin, is om wat Epston & White (1990:16) “unique outcomes” noem, te vind. Dit is elemente in die verhaal wat wys dat die persoon by geleentheid suksesvol was in sy of haar vernet teen die probleem. Om hierdie suksesse raak te sien en uit te bou, help om die idee dat alles hopeloos is en dat die slagoffer self die probleem is, teen te werk. Die persoon word bewus van die eie potensiaal om die probleem te oorwin, hoef nie langer 'n magtelose slagoffer te wees nie, en kan gesag oor die eie lewe herwin.

In verhale is verlede, hede en toekoms verweef. Die vertel van 'n verhaal verloop nooit kronologies nie, maar beweeg heen-en-weer tussen verlede, hede en toekoms (Genette 1980:113-160; vgl Ricoeur 1984:56; 1995:189). Na die ervaring van slagoffer-wees, veroorsaak die traumatiese ervaring in die verlede dat die toekoms duister lyk. Met die ontgin van “unique outcomes” word 'n ruimte geskep om die verhaal van die verlede in die hede te herskryf (“reframe”), om nuwe betekenis daaraan toe te ken. Deur die herinterpretasie van verhale in die verlede, ontstaan 'n nuwe ervaring van die hede en 'n nuwe uitsig

op die toekoms (kyk Simms 2003:86 oor Ricoeur se insigte). Epston & White (1990:10) stel dit soos volg: “Since all stories have a beginning (or a history), a middle (or a present), and an ending (or a future), then the interpretation of current events is as much future-shaped as it is past-determined.”

Taal gee betekenis aan ervarings (Müller 2000:13). As ‘n ervaring nie geïnterpreteer word deur dit onder woorde te bring nie, is die ervaring betekenisloos. Woorde *het* nie betekenis nie, maar *verkry* betekenis in konteks. Daarom is dit nodig vir die gespreksgenote om oor die betekenis van woorde te onderhandel. Taal help om die wêreld en opvatting van mense vorm te gee. Mense deel hierdie wêreld en opvatting met mekaar deur middel van taal (Freedman & Combs 1996:28).

Volgens die narratiewe benadering streef die pastor na ‘n “not-knowing position”. “Objektiwiteit” is nie moontlik nie, want pastors dra hulle eie geskiedenis met hulle saam. Pastors is nie die alleenkundiges nie. Die ander persoon is die deskundige van sy of haar eie lewe (Müller 2000:17). Die pastor se deskundigheid lê op die terrein van die proses van verandering. Wanneer die persone self ‘n kundige inset lewer, help dit hulle om hulle eie krag te vind en te ontwikkel, eerder as om te fokus op hulle “probleem”, wonde of “patologie”.

Narratiewe pastoraat bestaan uit dekonstruktiewe en rekonstruktiewe gesprekke. Deur middel van die narratief word die probleem ontkragtig en die persoon bemagtig om die eie krag wat deur ‘n gevoel van magteloosheid oorspoel is, weer te ontdek. Deur die verhaal van die verlede te “reframe”, ontstaan ‘n nuwe hede en ‘n nuwe toekomsvisie. ‘n Teorie vir berading beskryf die proses van intensionele verandering by ‘n persoon of groep in verhouding tot ‘n helpende persoon. Hierdie proses het twee aspekte, naamlik voorwaardes vir verandering en die verloop van die verandering self. Op ‘n praktiese vlak sal optimale omstandighede vir verandering geskep word en op ‘n etiese vlak sal die vraag of die verandering goed en wenslik is vir die persoon, ondersoek word.

Voorwaarde vir verandering is dat die hulpverlener die persoon met ‘n grondhouding van warmte, aanvaarding en respek sal benader. Die psigoloog, Carl Rogers (1959:184-256), het in dié verband ‘n groot

invloed gehad op die pastoraat. Sy waardes van onvoorwaardelike aanvaarding klop met die teologiese waardes van die pastoraat. Vir die persone wat gehelp word, beteken dit dat waardes nie van buite af op hulle afgedwing word nie, maar dat hulle eerlik kan wees oor hulleself en hulle ervaring binne 'n veilige ruimte van respek en agting. Die agting moet eg wees en daarom is kongruensie van liggaamstaal en verbale kommunikasie by die pastor is noodsaaklik. Indien die persone bedreig voel, sal dit die proses van verandering teenwerk. Hulle sal dan vashou aan bekende meganismes wat in die verlede vir oorlewing ingespan is en hulleself nie oopstel vir verandering nie. Oopstelling laat die persone kwesbaar, ongemaklik en onseker. Dit kan alleen in 'n veilige ruimte verduur word. Veiligheid kan geskep word deur duidelik te wees oor die manier van werk sodat die persoon weet wat om te verwag. Die pastor luister respectvol na alle vrese of besware. Saam word gesoek na weë waarmee die persoon gemaklik is. Volgens Neuger (2000:49) is dit belangrik om 'n verbale kontrak te sluit dat die persoon wat gehelp word, en nie die pastor nie, die beheer oor die gesprek sal hê.

Voorwaardes vir verandering is verder dat die persoon oortuig sal wees dat daar iets is wat nie werk nie en dat verandering nodig en heilsaam sal wees. Hoop op 'n beter toekoms is nodig om die persoon te motiveer om die moeisame en pynlike proses van berading te deurloop. Vertroue in die proses van hulpverlening behoort vroeg gevestig te word en die beoogde verandering moet duidelik wees. Dit verskaf die energie om vol te hou en gee rigting aan die keuses wat gemaak moet word. Beoogde verandering mag nie bots met die persoon se waardes en positiewe selfagting nie. Wat vir die persoon belangrik is, moet gehandhaaf en bevestig word. 'n Veilige ruimte vir eksperimenteer met ander houdings, 'n nuwe siening van die self en nuwe gevoelens, is nodig. Die pastor kom met 'n stel eie waardes, norme en gevoelens na die gesprek toe. Daarom is dit van belang dat die pastor nie wat die persoon vertel, sal interpreteer vanuit sy of haar eie verwysingsraamwerk nie.

Die pastor se aanslag is een van nuuskierigheid en deernis. Die pastor en die persoon soek saam na hoe om die probleem te ontkrachtig en hoe die persoon latente positiewe betekenis kan laat ontluik om 'n

nuwe storie te vertel (Neuger 2001:54-55). Hierdie nuwe storie kan dan gelééf word.

2.3 Die pastor se teologie

Pastors benader die pastoraat met 'n eie teologiese konstruk. Dit is belangrik om bewus te wees van hoe hulle teologie hulle pastorale werk beïnvloed. Dit medebepaal hoe hulle luister en watter keuses hulle uitoefen wanneer hulle die persoon wil help. Neuger (2001:57-61) identifiseer as voorbeeld vier pastorale temas wat vir haar persoonlik ter sake is in haar pastoraat. Elke pastor kan op 'n soortgelyke manier sy of haar eie temas identifiseer en uitwerk.

Die eerste tema wat sy noem, is God se genade. Genade gaan alles anders vooraf. God se liefde het mense al gevind voordat hulle van hulle eie bestaan bewus geword het. Genade help gelowiges om God se sorg en aanvaarding toe te eien. Mense wat getraumatiseer is deur ander, verloor maklik hulle vertrouwe in mense, in die goedheid van die skepping en selfs in God. Veral as God se almag sentraal staan vir hulle, kan hulle nie begryp dat die almagtige God nie kon of wou ingryp nie. Dit maak God net so hulpeloos soos die slagoffer (Neuger 2001:97). As God nie kan of wil help nie, is God nie te vertrou nie. So kan mense hulle geloof verloor vanweë traumatiese ervarings.

Neuger se tweede teologiese tema is die gemeenskap van gelowiges. Mense word gevorm deur dinamiese interaksie met ander. Ander kan beskadig en vernietig, maar kan ook ondersteun en help. Geloofsgemeenskappe is by uitstek die plek waar mense mekaar kan dien in liefde en die onreg in die wêreld bestry. Verhale word met mekaar gedeel. Geloofsgenote se reaksie van skok, meelewing, hulp en liefde ondersteun die helingsproses.

Die derde tema is Godsbeelde. Mense beleef en interpreteer hulle verhouding met God vanuit die beeld(e) wat hulle van God het. Dit bepaal hulle ervaring van God se teenwoordigheid in en betrokkenheid by hulle lewe. Godsbeelde werk in op mense se selfverstaan, hulle verstaan van hulle plek in die skepping en hulle idee oor God se betrokkenheid by die skepping.

'n Vierde tema is die van die eksodus. 'n Gemeenskap beweeg onder God se leiding uit gevangenskap na vryheid. Mense kon God uit hulle diepste pyn aanroep en smek om bevryding. God het deur

mense (Moses, Aäron en Miriam) redding gebring. Dit het die volk in staat gestel om in 'n hoopvolle verhouding met God en hulle medemens te leef. Die gemeenskap het dan 'n nuwe verantwoordelikheid om die volheid van die lewe te ervaar en in vryheid keuses uit te oefen wat opbouend sal wees vir hulleself en ander.

In die pastorale interaksie ervaar persone hoe die traumatiese gebeurtenis hulle gedagtes, gevoelens en ervarings oorheers, selfs maande of jare daarna. Hulle is beroof van lewensvreugde en voel asof hulle keuses beperk is. Pastoraat wil help om bevryding te bring en die persoon te bemoedig. Dit is nie net die pastor se taak nie, maar ook die van die geloofsgemeenskap en selfs die breër gemeenskap. Die bevryde persoon het dan 'n nuwe verantwoordelikheid om as heel mens weer by te dra tot die bevryding en heelwording van ander.

Wat die teologiese sy van die pastorale interaksie betref, het pastors 'n tweeledige verantwoordelikheid. Eie teologiese standpunte is nie gelyk aan universele waarhede wat derhalwe op ander afgedwing kan word nie. Pastors se teologiese uitgangspunte is ook gevorm deur hulle sosiale omgewing. Dieselfde geld vir die persone wat gehelp word. Die pastor se verantwoordelikheid is om hulle te help om hulle eie teologiese sienings te ontdek, te benoem en dit oop te stel vir ondersoek, kritiek en groei.

2.4 Die pastorale proses

Pastoraat het lank in die skaduwee van die psigologie gefunksioneer. 'n Leemte wat die gevolg is daarvan, is 'n onvoldoende teologiese taal vir die pastorale proses. Neuger (2001:61-63) stel 'n vyftal vrae voor om deur die pastorale proses te beweeg. Die eerste vraag is: Wat is op die spel? Die antwoord wys watter risiko's, doelwitte, moontlikhede en vrese vir die persoon ten grondslag van die probleem lê. Dit gee ook 'n kykie in watter keuses uitgeoefen word. Die vraag deurbreek die rasionalisering van die situasie en daar kan uitgekóm word by die kernbeelde van die persoon asook by die psigiese, geestelike, fisiese, relasionele, sistemiese en kulturele dimensies van die self. Vir die pastoraat staan die geestelike aspek sentraal. Dit gaan oor die hoogste betekenis ("ultimate meaning") wat op die spel is wanneer die persoon in 'n dilemma of krisis verkeer, 'n besluit moet neem, of in 'n oorgangsfase te staan gekóm het.

Die tweede vraag is: Hoe dink die persoon dat God hom of haar sien? Deur die vraag na die persoon se Godsbeeld om te keer, is die antwoord nie net 'n rasonale uitleg van wat die persoon oor God *dink* nie, maar 'n kykie in hoe sy of haar verhouding met God ten diepste lyk.

Die derde en vierde vrae is keerkante van dieselfde saak: Hoe ervaar die persone God se genade in hulle lewe? En: Hoe word God se oordeel gesien? Deur hierdie twee vrae kry die pastor 'n prentjie van die persone se vooronderstellings – wat hulle as vanselfsprekend sien ten opsigte van die waarde of morele kwaliteit van hulle aksies.

Die vyfde en laaste vraag is: Hoe sien die persone hulle verhouding met die res van die gemeenskap? Die antwoord toon aan of daar 'n gepaste verbondenheid met ander is, of daar genoegsame emosionele, fisiese en intellektuele afstand is, of daar wederkerigheid of isolasie bestaan. Verder gee die antwoord 'n idee van hoe die gemeenskap die persoon gevorm het.

Hierdie vrae verteenwoordig 'n bruikbare manier om te verseker dat 'n pastor primêr *teologies* omgaan met die taak van die pastoraat.

3 'N TEORETIESE VERTREKpunt

'n Narratiewe metode gee uitdrukking aan 'n postmoderne benadering tot die pastoraat. Daar word uitgegaan van die veronderstelling dat geen absolute objektiwiteit moontlik is nie. Die hulpverlener bring sy of haar eie verhaal saam in die pastorale interaksie. Alles gaan om interpretasie. Alles word in taal uitgedruk en dit het konsekwensies vir die pastorale interaksie. Nie feitelike verslaggewing van gebeure nie, maar beeldende, figuurlike taal soos metafore en verhale word in narratiewe pastoraat gebruik (kyk Stiver 2001:12 oor Ricoeur se bydrae).

Schleiermacher het gewys op die verskil tussen grammatikale hermeneutiek en psigologiese hermeneutiek (kyk Thiselton 1992:217). Die grammatikale hermeneutiek is die “objektiewe” interpretasie. Dit sluit taalanalise, kulturele en historiese gegewens in. Die psigologiese hermeneutiek bestudeer taal as uitdrukking van 'n persoonlike lewe. Dit is subjektief en gaan oor die gevoelens van die gespreksgenote (Van Aarde 2003:551-552). Psigologiese hermeneutiek wil uitkom by die

“identiteit van die syn” of soos Martin Heidegger (1962:42, 44; vgl Inwood 2000:20-30) dit noem: *Dasein*.

Volgens Heidegger is elke mens ’n verhaal wat geskryf word deur die tyd heen. Mense skryf voortdurend verder en hersien vorige skryfwerk in die lig van nuwe ervarings. Die bewussyn se interpretasies is nie net vrye skeppende werk nie, maar is die herskrywing van ’n bestaande verhaal. Dan Stiver (2001:39) beskryf dit soos volg: “We always experience the present influenced by our memories of the past and our projections into the future. We experience the world in terms of *retentions* and *potentions*, all part of our *intentions*”.

Hans-Georg Gadamer en Paul Ricoeur se insigte is hier van belang. Gadamer (1989:101-134) gebruik die metafoor van ’n spel wat plaasvind tussen die verhaal en die vertolker van die verhaal. Die vertolker speel nie net die spel nie, maar word ook deur die spel gespeel. Die saak (*Sache*) van die verhaal is nie volledig in die beheer van die vertolker nie. As die verhaal gelees word, vind daar volgens Gadamer (1989:302-307; vgl Stiver 2001:45-50) ’n horisonversmelting van die eie horison wat bestaan uit aannames, kultuur en tradisies, met die horison van die teks plaas. Die teks se horison word verstaan deur die eie horison heen. Elke mens is gevorm deur die eie tradisie en konteks Dit kan nie ontsnap word nie. Die tradisies bepaal mense se vooronderstellings en dit speel op sy beurt ’n rol in hoe verstaan word.

Ricoeur se siening strook met die van Gadamer. Ricoeur wys daarop dat ’n mens nie volle beheer het oor interpretasie nie, maar inderdaad “gespeel” word. Hy verduidelik dit met behulp van die “hermeneutiese boog” wat bestaan uit die drievoudige proses van *mimesis*¹ (prefigurasië), *mimesis*² (konfigurasië) en *mimesis*³ (refigurasië). *Mimesis*¹ is ’n soort inleidende bevoegdheid waarmee ’n verhaal benader word. Wie die verhaal wil verstaan, weet watter vrae om te stel omdat hulle reeds iets van die praktyk verstaan (*practical understanding*). Dit is wat Gadamer vooronderstellings noem. Vooronderstellings stel mense in staat om te verstaan.

In *mimesis*² gaan dit om die verhaallyn. Gebeurtenisse staan in ’n spesifieke verhouding tot mekaar. Van die eindpunt van die verhaal af kan die betekenis van die hele storie verstaan word. In *mimesis*¹ het die interpreteerder sekere verwagtings gehad van ’n karakter. In *mimesis*²

word dit duidelik of die karakter inderdaad so opgetree het en wat die redes daarvoor is. Mimesis³ verteenwoordig die punt waar die wêreld van die verhaal die wêreld van die vertolker ontmoet (die versmelting van horisonne van Gadamer). Dit gaan oor hoe die wêreld van die verhaal prakties grond vat in die wêreld van nou. In die hoor van die storie is daar 'n moment wat reik tot agter die verhaal self. As die verhaal nie so 'n verwysende funksie gehad het nie, sou die vertolker die diepere betekenis van die verhaal nie kon verstaan nie (vgl Simms 2003:84-86).

Vir die persoon wat getraumatiseer is, is die verlede die verhaal van trauma en die hede is die probleemverhaal van moeisam voortlewe en worstel met vergifnis. As Christen-gelowiges nie kan kom tot heelheid en vergifnis nie – en dit is dikwels die geval – beteken dit dat hulle bly vassteek in die verlede.

4 VERGIFNIS OF OORDEEL

'n Teologiese siening van vergifnis wat dikwels in die pastoraat aangetref word, word verteenwoordig deur die Nuwe-Testamentikus Thomas Buckley (1991:16) se benadering tot die Evangelie van Matteus. Dit begin by die kruisdood van Jesus waardeur mense bevry is van hulle sondes. Wie in Jesus glo, word vergewe. Wanneer God se vergifnis 'n mens se lewe aanraak, stel dit die persoon in staat om ander te vergewe (Buckley 1991:12). Om mekaar te vergewe, is voorwaarde vir vergifnis van God. Soos God mense vergeef, moet hulle mekaar vergewe (Matt 6:12, 14-15; 18:35). God se oordeel oor mense hang af van hoe hulle die gebod van liefde toepas in hulle lewe (Buckley 1991:94). Dit sluit in of hulle hulle naaste vergewe het. Buckley (1991:26) se beredenering gaan verder oor die onvergeeflike sonde van laster teen die Heilige Gees (Matt 12:31). Om die genade van God teen te staan, is laster teen die Gees en dus onvergeeflik. 'n Mens het genade en vergewing nodig om 'n medemens te kan vergewe. As 'n mens nie kan vergewe nie, kom dit daarop neer dat God se genade teengestaan word. Daarmee bring mense God se oordeel oor hulleself.

Die redenasie word problematies in die konteks van een mens wat 'n ander tot slagoffer gemaak het deur gewelddadige optrede. Indien alle sonde vergewe word deur die kruisdood van Jesus, beteken dit dat die gewelddadige, soos alle ander sondaars, vrygespreek word – skotvry

daarvan afkom. Die geweldenaar word nie tot verantwoording geroep nie. Inteendeel, dit is die slagoffer wat onder druk geplaas word: vergewe en vergeet, of anders ...! Die Ons Vader gebed stel dit duidelik: "...vergeef ons ons skulde soos ons ook ons skuldenare vergewe ..." (Matt 6:12). Vir menige slagoffer is dit onmoontlik om dit opreg te bid. Die skuldgevoel van slagoffers dat hulle vanweë hulle onvergewensgesindheid tekort skiet in hulle geloof, word versterk. Boonop voel hulle dikwels verantwoordelik vir wat gebeur het. Dit is 'n dubbele skuldgevoel.

'n Tweede probleem wat hierdie soort teologiese denke oproep, is dat wat gebeur, God se wil is. God het immers beheer oor alles. 'n Gelowige bid: "Laat U wil geskied" (Matt 6:10). Dit kan by gelowige slagoffers geïnternaliseer word as dat die skade wat aan hulle berokken is op 'n manier God se wil is (vgl Ganzevoort & Veerman 1999:75-76). In sy kritiek op die Christelike opvatting van vergewing, stel Emmanuel Levinas (in Duyndam & Poorthuis 2003:124) dit soos volg:

"Het christendom zou vergeving als een magisch-sacramenteel gebeuren beschouwen, waarbij de eigen verantwoordelijkheid van de dader wordt miskend en het slachtoffer wordt genegeerd ... De christelijke opvatting van het sacrament van verzoening zou erop neerkomen dat voorafgaand berouw van de dader en herstel jegens het slachtoffer geen noodzakelijke voorwaarden zijn voor vergeving van de kant van God".

Pastoraat vanuit so 'n teologiese vertrekpunt maak in werklikheid die slagoffer 'n tweede keer tot slagoffer. Dit is seker nie die bedoeling van die "blye boodskap" nie. Vir "konfiguratie" en "refiguratie" (mimesis 2 en 3) om plaas te vind by die persoon wat pastoraal begelei word na 'n traumatiese insident, is dit nodig om Bybelverhale nuut te interpreteer.

Die Matteus-evangelie kan nie los gesien word van die konteks waarin dit ontstaan het nie. Volgens Jacques Derrida (1978:102-109), wat fokus op die "verwysende hermeneutiek", is verhale in 'n meervoudige werklikheid ingebed. Die konteks en die Judaïstiese kultuur is belangrik vir die verstaan van die boodskap van Matteus. Onreg word nie goedgepraat of toegesmeer nie. Inteendeel, geregtigheid word benadruk: die dissipels moet reg doen aan mense en mense aan mekaar. In die Bergrede (Matt 5-7) verduidelik Jesus dat die

koninkryk van God daar is waar die woord van God uitgeleef, onreg bestry en swakkes beskerm word. So 'n interpretatie van die koninkryk bied ruimte vir slagoffers om wat hulle aangedoen is, as *onreg* te benoem. Hulle het die reg om daarvoor gehoor te word. Eers wanneer onreg erken word, kan heling plaasvind.

Volgelingen van Jesus word heel deur die liefde en genade wat hulle ontvang. Hierdie genade en liefde behoort dan aan ander getoon te word, sodat hulle ook heel kan word en deel kan uitmaak van God se huisgesin. Mense wat onheel is omdat ander hulle tot slagoffer gemaak het, word nie uitgesluit uit die huisgesin van God nie. God se liefde en deernis is juis vir slagoffers. Dit is die taak van heel gelowiges om stukkende mense tot heelheid te begelei sodat hulle weer die vreugde van 'n lewe in die volheid van God se genade, kan ervaar.

Die Matteus-evangelie is 'n polemië tussen Jesus en die Fariseërs. Die Fariseërs is veronderstel om vir die verlore skape te sorg, maar doen dit nie. Hulle benadruk die reg en laat nie veel ruimte vir die genade nie. Die randfigure word die slagoffers van die Fariseërs se optrede en verkondiging. Jesus spreek hom hierteen uit. Hy tree in die bres vir slagoffers en gemarginaliseerdes. Die volk ondersteun egter die Fariseërs en dring daarop aan dat Jesus gekruisig moet word (Matt 27:24-25). Die mense vir wie Jesus wou help, draai teen Hom. Hy neem hulle dit nie kwalik nie, maar vergewe by voorbaat (Luk 23:34). Jesus stel nie voorwaardes vir vergewing nie, maar betoon onvoorwaardelike liefde. Wie hierdie soort liefde uitdra, maak die koninkryk van God sigbaar in die wêreld.

Slagoffers wat heel geword het wil soos alle Christene hierdie onvoorwaardelike liefde uitleef. Dan kan hulle op hulle beurt ander slagoffers help om heel te word. Wanneer dit gebeur, is daar vergifnis. Die angel van die kwaad is uitgehaal. Vergewing bestaan daarin dat slagoffers nie langer slagoffer is nie. Hulle is heel en kan vanuit daardie posisie liefde betoon aan ander. Hulle is bevry van die mag van die geweldenaar en van die gevolge daarvan.

5 DIE NUWE VERHAAL: “REFRAMING”

'n “Gesonde” teologie is noodsaaklik om die probleemverhaal van 'n gelowige slagoffer te transendeer en tot 'n nuwe verhaal te kom. Dan kan die nodige “reframing” plaasvind. Hier is die werk van Donald

Capps (1990) wat die begrip vir die pastoraat uitgewerk het, ter sake. Hy gee spesifiek aandag aan wat die proses van “reframing” van die pastor vra (Capps 1990:3).

Capps gebruik die werk van die psigoloë Watzlawick, Weakland en Fisch (1974), *Change: Principles of problem formation and problem resolution*. Hulle onderskei tussen eerste en tweede orde verandering. Eerste orde verandering is wanneer die persoon verander, maar die sisteem onveranderd bly, terwyl tweede orde verandering gaan oor ‘n verandering van die sisteem self. Alles is anders, want die persoon én die sisteem het verander. Die praktiese manifestasie van tweede orde verandering is dikwels paradoksaal. Dit kan lyk of iemand iets doen wat verlies meebring, maar die radikale daad is nodig vir diepgaande genesing en verandering (kyk Watzlawick *et al* 1974:10-12).

Capps (1990:14-16) wys op drie oneffektiewe maniere waarop probleme dikwels benader word. Die eerste is vereenvoudiging. Een vorm daarvan is ontkenning. Persone ontken dat ‘n probleem bestaan en val ander aan as hulle nie wil saamwerk om die probleem te verdoesel nie. ‘n Tweede vorm van vereenvoudiging is wanneer die persoon wel erken dat daar ‘n probleem is, maar die erns daarvan probeer minimaliseer. Daar word gemaak of dit net ‘n klein probleempie is wat met ‘n eenvoudige oplossing reggestel kan word.

‘n Tweede oneffektiewe manier om probleme te benader, is utopianisme. Dit is wanneer iemand probeer om ‘n probleem wat nie bestaan nie, of nie verander kan word nie, opgelos te kry. Die eerste vorm hiervan is introjektiewe utopianisme. Iemand voel byvoorbeeld ongelukkig oor eie tekortkominge. Die persoon probeer dan om onbereikbare doelwitte te bereik. Simptome hiervan is neerslagtigheid, ‘n nihilistiese wêreldbeeld, vervreemding en selfmoordgedagtes. Die tweede vorm is projektiewe utopianisme. Persone het ‘n houding dat hulle dié waarheid gevind het en daarom geroepe is om die wêreld te verander. Die probleem is dat die werklikheid nie ooreenstem met so ‘n visie nie. Pogings om die wêreld hervorm, gaan bots met die realiteit. Simptome van hierdie vorm van utopianisme is paranoïese selfregverdiging en die illusie van oorspronklikheid, naamlik dat hulle die oplossing beskou as nuut en oorspronklik. Dit word verder ‘n probleem as hulle dié “waarheid” op ander wil afgedwing.

'n Derde oneffektiewe poging om probleme op te los, is die paradoks. Die aksie word onderneem op die verkeerde vlak. Daar is 'n poging om eerste orde verandering tot stand te bring waar tweede orde verandering nodig is, of andersom. Indien eerste orde verandering aangebring word waar tweede orde verandering nodig is, word mense vasgevang in die eerste orde verandering. Eers wanneer die paradoks raakgesien word, kan 'n tweede orde verandering aandag kry (vgl Watzlawick *et al* 1974:31-61).

6 ONTKNOPING

Die narratiewe metode is nie onversoenbaar met hierdie onderskeid tussen eerste en tweede orde verandering nie. Die metode gaan immers uit van 'n sosiaal-konstruksionistiese vertrekpunt. Daar word rekening gehou met die invloede van die sosiale wêreld op die lewens van mense.

'n Rigiede manier van omgaan met Skrifgedeeltes oor vergifnis, lê ondraaglike laste op mense en is skadelik vir getraumatiseerde persone. Dit kom neer op projektiewe utopianisme, naamlik 'n moralistiese, eiegeregtige houding dat die volle waarheid gevind is. Hierdie soort interpretasie van die Bybel impliseer dat mense aan bepaalde voorwaardes moet voldoen om toegang te verkry tot God se koninkryk. Slagoffers van geweld voldoen moeilik aan hierdie voorwaardes. Hulle is reeds deur die geweldenaar tot slagoffer gemaak. Nou kry hulle die opdrag om te vergewe. Of hulle dit regkry of nie, is bepalend vir hulle eie vergifnis en toegang tot God se koninkryk. Die teologiese “oplossing” wat aangegee word, is die kruisdood van Jesus. Omdat Hy dit gedoen het, is vergifnis moontlik. Hierdie “oplossing” lei tot 'n paradoks. Die “oplossing” maak dit vir die slagoffer nog moeiliker. Eerste orde verandering word gevra, waar tweede orde verandering eintlik nodig is. Die poging tot verandering vind plaas op die verkeerde vlak. Die gevolg daarvan is dat geen werklike verandering plaasvind nie. Die situasie bly dieselfde en die persoon wat nie kan vergewe nie, word vasgevang in die eerste orde verandering.

Tweede orde verandering is nodig want die situasie self moet verander. Hier is die insigte van Heidegger (1962:42, 44; vgl Inwood 2000:20-30; Collins & Selina [1999] 2001:63) ter sake. Hy onderskei tussen “Sein” (ek is) en “Dasein” (my eksistensie). 'n Mens is nie net

“ek is” nie (*Sein*), maar ook “ek is met ander” (*Dasein*). Eerste orde verandering vind plaas op die vlak van die *Sein*. Dit is nie daadwerlike verandering nie. Die slagoffer moet aanpas by ’n situasie van onreg wat in wese onveranderd bly. Die verandering wat die persoon nodig het, is op die vlak van “ek is met ander”, ’n tweede orde verandering.

So ’n verandering kan plaasvind met behulp van ’n alternatiewe interpretasie van die Bybelse opdrag om te vergewe. Deur die karkaters in Matteus op ’n ander manier te verstaan, ontstaan ’n ander situasie. Die “ons” in die Ons Vader gebed kan gesien word as die volgelinge van Jesus wat die opdrag kry om te vergewe *nadat* hulle self heel geword het en vergewe is. Hulle word aangemoedig om hierdie ervaring met ander te deel. So ’n interpretasie neem die druk van die slagoffer weg. Indien sy of hy nog nie heel is nie, moet die verhaal eers vertel word en erkenning gegee word daaraan dat ’n skreiende onreg plaasgevind het. Daarna kan die persoon deur psigologiese prosesse wat tyd neem, kom tot heelheid. Dan eers geld die opdrag om te vergewe. Slagoffers van geweld word nie uitgesluit uit God se genade omdat hulle sukkel om te vergewe nie of selfs omdat hulle moeite het om te glo nie. Intendeel, slagoffers van onreg val juis binne die sfeer van God se barmhartigheid en genade. Aan hulle moet geregtigheid gedoen word (Eks 22:21-24; Sag 7:9-10). Jesus self leef dit uit. Sy volgelinge ervaar dit en kry self die opdrag om ander dit ook te laat ervaar. Wie reeds heel is, moet die wat nog stukkend is, help heelmaak.

Hierdie alternatiewe interpretasie plaas slagoffers in ’n ander verhouding tot God en ook tot die geweldenaar. Van belang is dat die slagoffers eers heel word. As hulle heel geword het, is hulle vry – vrygespreek. Hulle ís deel van die huishouding van God en kan ander help om dit ook ten volle te word. So word God se genade en vergifnis uitgedra en deurgegee. Die fokus is nie langer op vergifnis van die geweldenaar nie. Die angel van die kwaad (onreg) is uitgehaal. Die slagoffers is vry van die gevolge van die mag wat die geweldenaar oor hulle gehad het. Dit is ’n tweede orde verandering. Die situasie self het verander.

Hierdie tweede orde verandering is de konfigurasie in die model van Ricoeur. Die verhaal van die slagoffer word herskryf en kry ’n ander wending. In die konfigurasie kom die psigologie en die teologie bymekaar. Tweede orde verandering vind op verskillende vlakke plaas.

Die regstelsel roep die geweldenaar tot verantwoording en die slagoffer word psigologies gehelp tot heelwording. Hierdie vernaderinge vind plaas op die vlak van die materiële wêreld. Daarnaas vind verandering ook plaas op die geestelike vlak van geloof en spiritualiteit. Die slagoffers (en miskien ook die geweldenaars) ervaar bevryding en vrypraak en kan nuut lewe voor God en saam met ander. Die twee vlakke vloei saam in konfigurasie sodat refigurasie kan plaasvind – ‘n tweede orde verandering, ‘n verandering van die verandering.

Op hierdie manier word die direkte verhouding tussen slagoffer en geweldenaar – die slagoffer moet die geweldenaar vergewe om ‘n goeie Christen te kan wees – verbreek. Slagoffers word heel en vry. Hulle is vry om ander te help. Die kwaad word oorwin deur die goeie. Pastors se rol is om saam met die slagoffers te soek na wat lê agter die verhaal lê. Wanneer pastor en slagoffer saam die probleemverhaal herskryf, “beyond” die verhaal self kom, kan tweede orde verandering plaasvind en sal die situasie verander. Die slagoffers is nie langer slagoffer nie, maar is heel. Hulle is vergewe en het heel geword. Hulle is vry om te lewe, lief te hê, te vergewe en ander te help. So word God se genade verder en verder en verder vertel.

Literatuurverwysings

- Bons-Storm, R 1996. *The incredible woman: Listening to women’s silences in pastoral care and counseling*. Nashville, TN: Abingdon Press.
- Buckley, T W 1991. *Seventy times seven: Sin, judgement, and forgiveness in Matthew*. Collegeville, MN: The Liturgical Press.
- Capps, D 1990. *Reframing: A new method in pastoral care*. Minneapolis, MN: Fortress.
- Collins, J & Selina, H [1999] 2001. *Introducing Heidegger*. Cambridge: Icon Books.
- Derrida, J 1978. *Writing and difference*, vertaal deur A Bass. Londen: Routledge.
- Duyndam, J & Poorthuis, M 2003. *Kopstukken filosofie: Levinas*. Amersfoort: Lemniscaat.
- Epston, D & White, M 1990. *Narrative means to therapeutic ends*. New York: Norton.
- Freedman, J & Combs, G 1996. *Narrative therapy: The social construction of preferred realities*. New York: Norton.

- Gadamer, H-G 1989. *Truth and method*, vertaald door J Weinsheimer en G Marshall. Second revised edition. New York: Continuum.
- Ganzevoort, R R & Veerman, A L 1999. *Geschonden lichaam: Pastorale gids voor gemeenten die geconfronteerd worden met seksueel geweld*. Zoetermeer: Boekencentrum.
- Genette, G 1980. *Narrative discourse: An essay in method*, tr by J E Lewin. Ithaca, NY: Cornell University Press.
- Heidegger, M 1962. *Being and time*, vertaald door J Macquarrie & E Robinson, Oxford: Oxford University Press.
- Heitink, G 1990. Geloof en geestelijke gezondheid, in Heitink, G & Veenhof, J (reds), *Heil, heling, gezondheid*. Den Haag: Meinema 1990.
- Inwood, M 2000. *Heidegger: A very short introduction*. Oxford: Oxford University Press.
- Laird, J 1991. Women and stories: Restorying women's self-constructions, in McGoldrick et al (ed), *Women and families: A framework for family therapy*. New York: Norton.
- Luz, U 1985. *Matthäus, I*. Zürich: Benziger Verlag. (EKK 1.)
- Meier, A 2001. Narrative in psychoteraphy theory, practice and research: A critical review. *Theoforum* 32(3), 391-418.
- Michaels, A [1996] 1998. *Fugitive pieces*. New York: Vintage International.
- Monk, G, Winslade, G, Crocket, K & Epston, D (eds) 1997. *Narrative therapy in practice: The archaeology of hope*. San Francisco, CA: Jossey-Bass Publishers.
- Müller, J 1996. *Om tot verhaal te kom: Pastorale gesinsterapie*. Pretoria: RGN.
- , 2000. *Reisgeselskap: Die kuns van verhalende pastorale gespreksvoering*. Wellington: Lux Verbi.
- Neuger, C C 2001. *Counseling women: A narrative pastoral approach*. Minneapolis, MN: Fortress.
- Ricoeur, P 1984. *Time and narrative, Volume 1*. Chicago, IL: Chicago University Press.
- , 1995. *Figuring the sacred: Religion, narrative and imagination*, tr by D Pellauer and ed by M I Wallace. Minneapolis, MN: Fortress.
- Rogers, C 1959. A theory of therapy, personality, and interpersonal relationships as developed in the client-centered framework, in Koch, S (ed), *Psychology: A study of a science*, 184-256. New York: McGraw-Hill.
- Simms, K 2003. *Paul Ricoeur*. Londen: Routledge.

- Stiver, D R 2001. *Theology after Ricoeur*. Louisville, KY: Westminster John Knox.
- Thiselton, A C 1992. *New horizons in hermeneutics: The theory and practice of transforming biblical reading*. London: HarperCollins.
- Van Aarde, A G 2002. Die “evangelie” van Paulus. *Verbum et Ecclesia* 23(2), 516-532.
- , 2003. Die ou-Kersaandgesprek van Friedrich Schleiermacher in Afrikaans: Agtergrond, vertaling en hermeneutiek. *HTS* 59(2), 545-568.
- Watzlawick, P, Weakland, J & Fisch, R 1974. *Change: Principles of problem formation and problem resolution*. New York:Norton.